



NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2023

REKENINGKUNDE V1

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye, insluitend
'n formuleblad en 'n 11 bladsy-antwoordeboek.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYD (minute)
1	Berekening van korrekte netto wins en Staat van Finansiële Posisie	60	45
2	Notas tot Finansiële State, Kontantvloeistaat en Finansiële Aanwysers	40	30
3	Vertolking van Finansiële State	35	30
4	Korporatiewe Bestuur	15	15
TOTAAL		150	120

VRAAG 1: BEREKENING VAN NETTO WINS EN STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE
(60 punte; 45 minute)

1.1 Dui aan of die volgende stellings waar of onwaar is.

- 1.1.1 Aandeelhouders is verantwoordelik vir die bestuur van die maatskappy.
- 1.1.2 Die Staat van Finansiële Posisie toon die finansiële posisie van 'n maatskappy op 'n spesifieke datum.
- 1.1.3 Die Staat van Omvattende Inkomste toon die wins of verlies vir die finansiële jaar.

(3 x 1) (3)

1.2 **LUX BPK.**

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig op 30 Junie 2023.

GEVRA:

1.2.1 **Verwys na Inligting B (i).**

Bereken die waarde van eindvoorraad deur die EIEU-metode te gebruik. (4)

1.2.2 **Verwys na Inligting A en B:**

Gebruik die tabel wat gegee word om die korrekte netto wins na belasting vir die jaar geëindig 30 Junie 2023 te bereken.
Dui '+' vir vermeerdering en '-' vir vermindering by elke aangesuiwerde bedrag aan. (21)

1.2.3 Voltooi die Staat van Finansiële Posisie op 30 Junie 2023. (32)

LET WEL:

- Aansuiwerings van Inligting B moet oorweeg word wanneer die Staat van Finansiële Posisie voltooi word.
- Toon bewerkings.
- Sommige bedrae is in die ANTWOORDEBOEK ingevul.

INLIGTING:**A. Uittreksel van Voor-aansuiweringsproefbalans op 30 Junie.**

	2023 (R)	2022 (R)
Gewone aandelekapitaal	?	6 800 000
Behoue inkomste	895 000	
Verbandlening: Govee Bank	?	3 985 000
Vaste bates (drawaarde)	7 711 501	
Vaste deposito	?	
Handelsvoorraad	2 024 500	
Debiteurekontrole	942 460	
Bank (gunstig)	53 440	
Krediteurekontrole	1 962 260	
SAID: Inkomstebelasting (voorlopige betalings)	914 600	
Aandeelhouders vir dividende	616 500	
Voorsiening vir oninbare skulde	?	25 300
Versekering	128 400	
Huur inkomste	168 000	

B. Die netto wins voor belasting, R3 551 841, is bereken voordat die volgende in ag geneem is:

- (i) Die voorraadstaat hieronder is weggelaat toe die finale voorraadsyfers bereken is.

LET WEL: Die EIEU voorraadwaardasietemete is gebruik.

	Eenhede	Eenheidsprys	Totaal
Beginvoorraad	850	R60	R51 000
Aankope:			
November 2022	640	R90	R57 600
April 2023	350	R100	R35 000
Eindvoorraad	400		

- (ii) Toerusting gekoop op 1 Januarie 2017, kosprys R360 000, is vir kontant vir R43 000 op 29 Junie 2023 verkoop. Geen inskrywings is vir die verkoop van die toerusting gemaak nie.
Die toerusting se waarde het teen in vaste bedrag oor 6 jaar verminder.
- (iii) Voorsiening vir oninbare skulde moet tot R28 500 aangesuiwer word.
- (iv) Versekering sluit 'n bedrag van R40 800 in, wat vir die tydperk 1 Januarie 2023 tot 31 Desember 2023 betaal is.
- (v) Huur is vir die tydperk 1 Julie 2022 tot en met 30 September 2023 ontvang. Dit sluit 'n verhoging van R800 per maand vanaf 1 April 2023 in.

- (vi) 'n Krediteur met 'n debietsaldo van R11 000 moet na die debiteuregrootboek oorgeplaas word.
- (vii) Inligting van die leningstaat ontvang vanaf Govee Bank:
- Maandelikse terugbetalings, insluitend rente van R45 000.
Rente op die lening word gekapitaliseer.
 - Saldo op 30 Junie 2023, R3 755 000.

LET WEL: Die huidige gedeelte van die lening sal in die volgende finansiële jaar met R70 000 verhoog word.

- C.** Nadat die bogenoemde weglatings in ag geneem is, is daar vasgestel dat R65 500 aan SAID verskuldig is.
- D.** 'n Finale dividend van 45c per aandeel is verklaar.
- E.** Die volgende finansiële aanwyser is op 30 Junie 2023 bereken:
- Netto batewaarde per aandeel (NBW): 420 sent
- F.** 'n Vaste deposito is op 25 Junie 2023 by Best Bank gemaak.

VRAAG 2: KONTANTVLOEISTAAT EN FINANSIËLE AANWYSERS**(40 punte; 30 minute)**

- 2.1 Kies die korrekte woord uit die lys hieronder wat die beste by elke stelling hieronder pas. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

Likiditeit; Hefboomfinansiering; Winsgewendheid; Solvensie

2.1.1 Gebruik van geleende kapitaal (lenings) om die besigheid te finansier.

2.1.2 Vermoë van die besigheid om korttermynskuld te betaal.

2.1.3 Vermoë om alle skuld te delg deur die bates van die besigheid te gebruik. (3 x 1) (3)

2.2 TUMBA BPK.

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 30 April 2023.

GEVRA:

2.2.1 Voltooi die Gewone Aandelekapitaal-nota. (6)

2.2.2 Bereken die volgende bedrae vir die Kontantvloeistaat:

- Inkomstebelasting betaal (5)
- Dividende betaal (3)

2.2.3 Voltooi die volgende afdelings van die Kontantvloeistaat.

- Kontantgevolge van beleggingsaktiwiteite (7)
- Netto verandering in kontant en kontantekwivalente (4)

2.2.4 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 30 April 2023.

- Vuurproefverhouding (4)
- % opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang (OOAB) (4)
- Tussentydse dividende per aandeel (4)

LET WEL: Sommige bedrae is in die ANTWOORDEBOEK ingevul.

INLIGTING:**A. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste op 30 April 2023**

Verkope	3 188 150
Waardevermindering	413 000
Rente-uitgawe	78 000
Netto wins na belasting	637 630

LET WEL: Die inkomstebelastingkoers is 30%.

B. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie op 30 April:

	2023	2022
Vaste bates (drawaarde)	4 094 900	3 830 000
Finansiële bates	190 000	
Voorrade	720 800	520 000
Handels- en ander ontvangbares	240 000	356 000
Kontant en kontantekwivalente	56 600	6 500
Aandeelhoudersbelang	6 062 000	5 124 800
Gewone aandelekapitaal	5 852 000	4 704 000
Behoue inkomste	210 000	420 800
Handels- en ander betaalbares		90 440
SAID: Inkomstebelasting	Dt 21 270	Kt 36 600
Aandeelhouders vir dividende	?	265 000
Bankoortrekking	0	38 400
Bedryfslaste	360 700	430 440

C. Vaste bates:

- Uitbreidings aan grond en geboue is gedurende die jaar teen 'n koste van R830 400 voltooi.
- Toerusting is gedurende die jaar teen drawaarde verkoop.

D. Aandelekapitaal en dividende:

- Die gemagtigde aandelekapitaal het uit 2 100 000 aandele bestaan.
- Op 1 Mei 2022 was 70% van die gemagtigde aandele reeds uitgereik.
- Op 30 Junie 2022 is 300 000 addisionele aandele uitgereik.
- Op 30 September 2022 is 'n tussentydse dividend van R318 600 betaal.
- 230 000 aandele is op 31 Januarie 2023 teruggekoop.

VRAAG 3: VERTOLKING VAN FINANSIËLE INLIGTING**(35 punte; 30 minute)****JMP BPK.**

Die inligting hou verband met die finansiële jaar geëindig op 28 Februarie 2023.

GEVRA:

LET WEL: Verskaf syfers, tendense, finansiële aanwysers of berekeninge in ELKE geval om jou kommentaar en verduidelikings te ondersteun.

3.1 Die maatskappy se totale verkope het van 2022 tot 2023 toegeneem en die bedryfsaktiwiteite is in 2023 beter beheer.

- Haal aan en verduidelik TWEE finansiële aanwysers wat beter beheer oor bedryfsaktiwiteite aandui. (4)
- Haal aan en verduidelik EEN gepaste aanwyser wat direk tot die toename in verkope bygedra het. (2)

3.2 Identifiseer TWEE finansiële aanwysers wat 'n verbetering in die likiditeit van die maatskappy aandui. (2)

3.3 Die direkteure het besluit om die lening aan die begin van 2023 te verhoog. Verduidelik hoekom jy met hul besluit saamstem. Haal TWEE finansiële aanwysers met tendense aan. (8)

3.4 Aandeelhouders koop aandele in maatskappye as 'n korttermynbelegging terwyl ander dit as 'n langtermynbelegging doen.

Verduidelik hoe die verandering in die dividenduitbetalingsbeleid die beleggingskeuses van elke tipe aandeelhouer beïnvloed. Haal vergelykende syfers aan. (6)

3.5 Aandeelhouders is verdeel oor die prys wat vir die terugkoop van aandele betaal is.

Verskaf EEN punt ter ondersteuning van, en EEN punt teen die prys wat vir die aandele betaal is. Haal EEN finansiële aanwyser vir elke punt aan. (4)

3.6 **Verwys na inligting C.**

Die direkteure van die maatskappy het besluit om 'n bykomende 50 000 aandele in die nuwe finansiële jaar uit te reik.

- Bereken die minimum aantal aandele wat S. Lucas moet koop om 'n meerderheidsaandeelhouer te word. (5)
- Noem TWEE punte waarom S. Lucas 'n meerderheidsaandeelhouer wil word. (4)

INLIGTING:**A. Finansiële aanwysers bereken op 28 Februarie:**

	2023	2022
Winsopslag % behaal	55%	70%
% bedryfsuitgawes op verkope	17,3%	21,2%
% bedryfswins op verkope	22,1%	16,5%
% netto wins op verkope	17,2%	13,9%
Debiteure-invorderingsperiode	31 dae	44 dae
Voorraadhoudingstydperk	65 dae	62 dae
Krediteure-betalingsperiode	62 dae	45 dae
% opbrengs op aandeelhoudersbelang (OOAB)	19,5%	17,6 %
Dividenduitbetalingskoers	40%	80%
Skuld-ekwiteit verhouding	0,4 : 1	0,3 : 1
% opbrengs op totale kapitaal aangewend (OOTKA)	12 %	11.5%
Netto batewaarde per aandeel (NBW)	1 200 sent	900 sent

B. Addisionele inligting op 28 Februarie:

	2023	2022
Markprys van aandele	1 320 sent	1 150 sent
Terugkoopprys van aandele	1 420 sent	
Rente op lenings	10%	10%
Rente op alternatiewe beleggings	6%	6%

C. Aandele en persentasie aandeelhouding op 28 Februarie 2023:

Aantal uitgereikte aandele	650 000
% aandeelhouding van S. Lucas	48%

VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR**(15 punte; 15 minute)**

4.1 Die volgende is drie tipes verslae wat uitgereik kan word nadat die finansiële state van 'n maatskappy geoudit is.

Gekwalifiseerde verslag

Vrywaring van mening

Ongekwalfiseerde
verslag

- Watter tipe auditverslag sal aandeelhouers ontmoedig om aandele in 'n maatskappy te koop? (1)

- Verskaf TWEE redes waarom aandeelhouers nie sal belangstel om aandele in so 'n maatskappy te koop nie. (4)

4.2 Verduidelik waarom 'n maatskappy se finansiële state deur onafhanklike ouditeure geoudit moet word. Verskaf TWEE punte. (4)

4.3 Die volgende is aan die maatskappy gerapporteer.

Een van die direkteure, die Hoof Finansiële Beamppte (HFB) en die Onafhanklike Ouditeur van die maatskappy blyk goeie vriende te wees aangesien hulle elke tweede week sosiaal vergader.

As 'n aandeelhouer, hoekom sou jy oor hierdie soort verhouding bekommerd wees? Verduidelik DRIE punte (een vir elke persoon betrokke soos in die ANTWOORDEBOEK aangedui).

(6)

15**TOTAAL: 150**

GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates : Totale laste	Bedryfsbates : Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	Niebedryfslaste : Aandeelhoudersbelang
(Handel en ander ontvangbare bedrae + Kontant en kontantekwivalente) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope/Krediet aankope}} \times \frac{365}{1}$
$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandeel}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhoudersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandeel}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandeel}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdiens te per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$	
LET WEL:	
* In hierdie geval, indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandeel gedurende 'n finansiële jaar is, word die gewoogdegemiddelde-getal aandeel in die praktyk gebruik.	



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION



Naam:

**NASIONALE
SENIORSERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2023

**REKENINGKUNDE V1
ANTWOORDEBOEK**

VRAAG	MAKS. PUNTE	PUNTE BEHAAL	GEMODEREERDE PUNTE		
			Skool	Distrik	Provinsie
1	60				
2	40				
3	35				
4	15				
	150				

Hierdie antwoordeboek bestaan uit 11 bladsye.

VRAAG 1

1.1

1.1.1	
1.1.2	
1.1.3	

3

1.2.1 Bereken: Die waarde van die eindvoorraad

BEWERKINGS	ANTWOORD

4

1.2.2 Bereken die korrekte netto wins na belasting vir die jaar geëindig 30 Junie 2023. Dui '+' vir vermeerdering en '-' vir vermindering by elke aangesuiwerde bedrag aan.

BEWERKINGS	ANTWOORD
Foutiewe netto wins voor belasting	3 551 841
Wins/verlies met verkoop van toerusting	
Voorsiening vir oninbare skulde-aansuiwering	
Versekering	
Huur inkomste	
Rente op lening	
Inkomstebelasting	
Korrekte Netto Wins na belasting	

21

1.2.3 STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE OP 30 JUNIE 2023

BATES	
NIE-BEDRYFSBATES	
Vaste bates	
Finansiële bates	
BEDRYFSBATES	
Vorrade	
Handels en ander ontvangbares 942 460	
Kontant en kontantekwivalente	
TOTALE BATES	
EKWITEIT EN LASTE	
AANDEELHOUERSBELANG	
Gewone aandele kapitaal	
Behoue inkomste	895 000
NIE-BEDRYFSLASTE	
Verbandlening	
BEDRYFSLASTE	
Handels en ander betaalbares 1 962 260	
TOTALE EKWITEIT EN LASTE	

32

TOTALE PUNTE

60

2.1

3653

2.2.3 Voltooi die volgende afdelings van die Kontantvloeistaat.

KONTANTGEVOLGE VAN BELEGGINGSAKTIWITEITE	
Vaste bates aangekoop	
Opbrengs met verkoop van vaste bates	
Verandering in finansiële bates	190 000

7

NETTO VERANDERING IN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE	
Kontant (saldo aan die begin van die jaar)	
Kontant (saldo aan die einde van die jaar)	

4

2.2.4

Bereken: Vuurproefverhouding	
BEWERKINGS	ANTWOORD
Bereken: % opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang (OOAB)	
BEWERKINGS	ANTWOORD

4

4

Bereken: Tussentydse dividende per aandeel	
BEWERKINGS	ANTWOORD

4

TOTALE PUNTE	40
--------------	----

VRAAG 3

- 3.1 Die maatskappy se totale verkope het van 2022 tot 2023 toegeneem en die bedryfsaktiwiteite is in 2023 beter beheer.**

Haal aan en verduidelik TWEE finansiële aanwysers, wat beter beheer oor bedryfsaktiwiteite aandui.

4

Haal aan en verduidelik EEN gepaste aanwyser, wat direk tot die toename in verkope bygedra het.

2

- 3.2 Identifiseer TWEE finansiële aanwysers, wat 'n verbetering in die likiditeit van die maatskappy aandui.**

2

- 3.3 Die direkteure het besluit om die lening aan die begin van 2023 te verhoog. Verduidelik hoekom jy met hul besluit saamstem. Haal TWEE finansiële aanwysers met tendense aan.**

8

3.4 Aandeelhouders koop aandele in maatskappye as 'n korttermynbelegging terwyl ander dit as 'n langtermynbelegging doen.

Verduidelik hoe die verandering in die dividenduitbetalingsbeleid die beleggingskeuses van elke tipe aandeelhouer beïnvloed. Haal vergelykende syfers aan.

Korttermyn aandeelhouders	
Langtermyn aandeelhouders	

6

3.5 Aandeelhouders is verdeeld oor die prys wat vir die terugkoop van aandele betaal is.

Verskaf EEN punt ter ondersteuning van, en EEN punt teen die prys wat vir die aandele betaal is. Haal EEN finansiële aanwyser met syfers vir elke punt aan.

Ter ondersteuning van die prys wat betaal is	
Teen die prys betaal	

4

VRAAG 4**4.1 Ouditverslae**

Watter tipe ouditverslag sal aandeelhouders ontmoedig om aandele in 'n maatskappy te koop?

1

Verskaf TWEE redes waarom aandeelhouders nie sal belangstel om aandele in so 'n maatskappy te koop nie.

4

4.2 Verduidelik waarom 'n maatskappy se finansiële state deur onafhanklike ouditeure geoudit moet word. Verskaf TWEE punte.

4

4.3 Kommer oor die soort verhouding tussen 'n direkteur, Hoof Finansiële Beamppte (HFB) en die onafhanklike ouditeur.

As 'n aandeelhouer, hoekom sou jy bekommerd wees oor hierdie soort verhouding? Verduidelik DRIE punte (een vir elke persoon betrokke).

Direkteur	
Hoof Finansiële Beamppte	
Onafhanklike ouditeur	

6

TOTALE PUNTE	15
---------------------	-----------

TOTAAL: 150



NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2023

REKENINGKUNDE V1 NASIENRIGLYN

PUNTE: 150

NASIENBEGINSELS:

1. Tensy anders getoon in die nasienriglyne, sal strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing wees indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenalisering toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Tensy anders getoon, ken volpunte toe vir 'n korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat getoon is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). **LET WEL:** As syfers aangedui in nasienriglyne vir komponente van bewerkings, dra hierdie nie die metodepunt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar dit getoon word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Indien kandidate meer as die verlangde aantal antwoorde verskaf, ondersoek alle antwoorde tot voordeel van die kandidaat. Strafpunte kan toegeken word vir vreemde items indien kandidate volpunte vir 'n vraag gekry het (maks. -2 per vraag).
8. Hierdie nasienriglyne is nie vir verspreiding in die publiek nie' omdat sekere items dalk verkeerd gehanteer is. Aanpassings is gemaak a.g.v. die nuanses/konteks in sekere vrae.
9. Waar strafpunte toegeken word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
10. Waar metodepunte vir bewerking toegeken word, moet die nasiener eers die redelikheid van die antwoord ondersoek voordat die punt toegeken word.
11. Bewerking beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. **LW:** Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷ wees, of soos per nasienriglyne.
12. Bewerkings: Moet nie punte vir bewerkings toeken waar die teller & noemer omgeruil is nie. Dit is ook van toepassing op verhoudings.
14. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat in geheel of gedeeltelik foutief is nie. Dui aan met 'n ☐.
15. Wees bedag daarop dat sommige kandidate geldige alternatiewe buite hierdie nasienriglyne kan gee. Let ook daarop dat een kommentaar meer as een korrekte aspek kan toon.
15. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

VRAAG 1

1.1

1.1.1	Onwaar ✓
1.1.2	Waar ✓
1.1.3	Waar ✓

3

1.2.1 Bereken: Die waarde van eindvoorraad

BEWERKINGS	ANTWOORD
$35\,000 \checkmark + \overset{(50 \times 90)}{4\,500} \checkmark \checkmark$	$39\,500 \checkmark$ een deel korrek

4

1.2.2 Bereken die korrekte netto wins na belasting vir die jaar geëindig 30 Junie 2023. Dui '+' vir vermeerdering en '-' vir vermindering by elke aangesuiwerde bedrag aan.

BEWERKINGS	ANTWOORD
Foutiewe netto wins voor belasting	3 551 841
Wins/verlies met verkoop van toerusting $\overset{(360\,000 - 359\,999)}{43\,000 \checkmark - 1 \checkmark \checkmark}$	+ 42 999 ☒ *
Voorsiening vir oninbare skulde-aansuiwering $(28\,500 - 25\,300)$	- 3 200 ☒ ☒
Versekering $(40\,800 \div 2)$	+ 20 400 ☒ ☒
Huur inkomste $11\,680 \checkmark \checkmark \times 3 \checkmark$	- 35 040 ☒ *
Rente op lening $\overset{(45\,000 \times 12) \text{ twee punte}}{3\,755\,000 \checkmark + 540\,000 \checkmark \checkmark - 3\,985\,000 \checkmark}$	- 310 000 ☒ *
Inkomstebelasting $914\,600 \checkmark + 65\,500 \checkmark$	- 980 100 ☒
Korrekte Netto Wins na belasting bewerking	2 286 900 ☒

21

*een deel korrek

Aanvaar hakies vir negatiewe bedrae; aanvaar as positief, indien geen tekens of hakies gebruik word nie

1.2.3 STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE OP 30 JUNIE 2023

BATES		
NIE-BEDRYFSBATES	TB – BB	9 093 500 ☒
Vaste bates 7 711 501 – 1 sien 1.2.2		7 711 500 ☒
Finansiële bates	balanseerende syfer	1 382 000 ☒
BEDRYFSBATES	bewerking	3 105 800 ☒
Voorrade 2 024 500 ✓ + 39 500 ☒ sien 1.2.1 hierbo		2 064 000 ☒ *
Handels en ander ontvangbares O/drag Vos Versekering 942 460 + 11 000 ✓ – 28 500 ✓ + 20 400 ☒		945 360 ☒ *
Kontant en kontantekwivalente 53 440 + 43 000		96 440 ☒ *
TOTALE BATES	sien TE en L	12 199 300 ☒ *
EKWITEIT EN LASTE		
AANDEELHOERSBELANG (616 500 ÷ 45c) (1 370 000 x 4,2) ✓✓		5 754 000 ☒ *
Gewone aandele kapitaal	AHB – BI	4 859 000 ☒
Behoue inkomste		895 000
NIE-BEDRYFSLASTE		3 455 000
Verbandlening een punt een m/punt (540 000 – 310 000 sien 1.2.2) 230 000 een punt en een m/punt + 70 000 een punt 3 755 000 ✓ – 300 000 ✓✓ ☒		3 455 000 ☒ *
BEDRYFSLASTE	bewerking	2 990 300 ☒
Handels en ander betaalbares O/drag Huur 1 962 260 + 11 000 ✓ + 35 040 ☒		2 008 300 ☒ *
Huidige deel van lening	sien lening hierbo	300 000 ☒
SAID Inkomstebelasting[#]		65 500 ✓
Aandeelhouders vir dividende[#]		616 500 ✓
[#] Kontroleer of enige van [#] by H en AB ingesluit; ken totale punte toe soos aangedui		
TOTALE EKWITEIT EN LASTE	AHB + NBL + BL	12 199 300 ☒

-1 F vreemde items maks. -2

-1 P aanbieding/ (maks -2 indien geen gepaste besonderhede)

*een deel korrek

TOTALE PUNTE**60****32**

VRAAG 2

2.1

2.1.1	Hefboomfinansiering ✓
2.1.2	Likiditeit ✓
2.1.3	Solvensie ✓

3

2.2 TUMBA BPK.

2.2.1 GEWONE AANDELEKAPITAAL-NOTA

1 470 000 ✓	Aandele in uitreik aan die begin van die jaar	4 704 000
300 000	Aandele uitgereik gedurende die jaar	2 022 000 ☒ bewerking
(230 000)	(5 852 000 ÷ 1 540 000) Aandele teruggekoop teen R3,80 ✓✓ Twee akkurate punte	(874 000) ☒ een deel korrek
1 540 000 ☒ een deel korrek	Aandele in uitreik aan die einde van die jaar	5 852 000

6

2.2.2

Bereken: Inkomstebelasting betaal

BEWERKINGS	ANTWOORD
$(637\,630 \times 30/70) \text{ twee punte}$ $36\,600 \checkmark + 273\,270 \checkmark\checkmark + 21\,270 \checkmark$ OF: $- 36\,600 \checkmark - 273\,270 \checkmark\checkmark - 21\,270 \checkmark$	$331\,140 \checkmark$ een deel korrek

5

Bereken: Dividende betaal

BEWERKINGS	ANTWOORD
$318\,600 \checkmark + 265\,000 \checkmark$ OF: $- 318\,600 \checkmark - 265\,000 \checkmark$	$583\,600 \checkmark$ een deel korrek

3

2.2.3 Voltooi die volgende afdelings van die Kontantvloeistaat.

KONTANTGEVOLGE VAN BELEGGINGSAKTIWITEITE	(487 900) ☒ bewerking
Vaste bates aangekoop	(830 400) ✓
Opbrengs met verkoop van vaste bates 4 094 900 ✓ + 413 000 ✓ – 830 400 ✓ – 3 830 000 ✓	152 500 ☒ een deel korrek
Verandering in finansiële bates	190 000

7

NETTO VERANDERING IN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE	88 500 ☒ bewerking
Kontant (saldo aan die begin van die jaar) 6 500 – 38 400	(31 900) ✓ ✓
Kontant (saldo aan die einde van die jaar)	56 600 ✓

4

2.2.4 Bereken: Vuurproefverhouding

BEWERKINGS	ANTWOORD
$\frac{240\,000 + 56\,600}{296\,600 \checkmark\checkmark} : 360\,700 \checkmark$	$0,8 : 1$ ☒ een deel korrek; in die formaat x : 1 Aanvaar 0,82 : 1
Bereken: % opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang (OOAB)	ANTWOORD
BEWERKINGS	ANTWOORD
$\frac{637\,630 \checkmark}{\checkmark \frac{1}{2} (6\,062\,000 + 5\,124\,800) \checkmark} \times 100^*$ 11 186 800 een punt 5 593 400 twee punte LET WEL: * 100 is nie een deel korrek Moet nie punte toeken indien teller en noemer omgeruil is.	$11,4\%$ ☒ een deel korrek % teken nie nodig

4

4

Bereken: Tussentydse dividende per aandeel	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$\frac{318\,600 \checkmark}{1\,770\,000 \checkmark \checkmark} \times 100^*$ sien 2.2.1 (1 470 000 + 300 000) een m/punt een punt LET WEL: * 100 is nie een deel korrek Moet nie punte toeken indien teller en noemer omgeruil is.	18 sent ☒ een deel korrek; Aanvaar ook R0,18 of 0,18 (indien nie x 100)

4

TOTALE PUNTE	40
--------------	----

VRAAG 3

3.1 Die maatskappy se totale verkope het van 2022 tot 2023 toegeneem en die bedryfsaktiwiteite is in 2023 beter beheer.

Haal aan en verduidelik TWEE finansiële aanwysers met syfers wat beter beheer oor bedryfsaktiwiteite aandui.

Enige TWEE finansiële aanwysers ✓ ✓ syfers ✓ ✓

% bedryfsuitgawes op verkope het afgeneem/verbeter (van 21,2%) tot 17,3%

% bedryfswins op verkope het toegeneem/verbeter (van 16,5%) tot 22,1%

% netto wins op verkope het toegeneem/verbeter (van 13,9%) tot 17,2%

*Winsopslag % is 'n doelbewuste besluit; ignoreer indien genoem
Maks -1 vir oortollige bykomende finansiële aanwysers genoem.

4

Haal aan en verduidelik EEN relevante aanwyser met 'n syfer wat direk tot die toename in verkope bygedra het.

Finansiële aanwyser ✓ syfer ✓

Winsopslag % het afgeneem (van 70%) tot 55%

2

3.2 Identifiseer TWEE finansiële aanwysers met syfers wat 'n verbetering in die likiditeit van die maatskappy aandui.

TWEE finansiële aanwysers met syfers ✓ ✓

Debiteure-invorderingsperiode – 31 dae

Krediteure-betalingsperiode – 62 dae

2

3.3 Die direkteure het besluit om die lening aan die begin van 2023 te verhoog. Verduidelik hoekom jy saamstem met hul besluit. Haal TWEE finansiële aanwysers met tendense aan.

Finansiële aanwysers ✓ ✓ Syfers met tendense ✓ ✓

- Skuld-ekwiteitverhouding het toegeneem/verswak (van 0,3 : 1) tot 0,4 : 1 (nadat die lening verhoog het)

- % opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend het toegeneem (verbeter) (vanaf 11,5%) tot 12%

Aanvaar die volgende as 'n rede om saam te stem:

- OOTKA van 12% is hoër as die rentekoers op lenings van 10%
(LET WEL: moet 'n vergelyking wees tussen OOTKA en rentekoers op lenings om positiewe hefboomfinansiering te ondersteun)

Verduideliking: ✓✓ ✓✓

LET WEL: 'n Verduideliking kan gekombineer word met die aanwyser, syfers en tendens.

- Alhoewel die skuld-ekwiteitverhouding toegeneem het, is die maatskappy laag gerat / lae risiko / maak nie te veel op geleende kapitaal staat nie.
- Die maatskappy is positief gerat / OOTKA is hoër as die rentekoers (10%) / maak effektief gebruik van lening om wins te genereer.

8

3.4 Aandeelhouders koop aandele in maatskappye as 'n korttermynbelegging terwyl ander dit as 'n langtermynbelegging doen.

Verduidelik hoe die verandering in die dividenduitbetalingsbeleid die beleggingskeuses van elke tipe aandeelhouer beïnvloed. Haal vergelykende syfers aan.	
Korttermyn-aandeelhouders verduideliking ✓✓ vergelykende syfers ✓	Hulle sal nie tevrede wees nie: • Verwag hoë opbrengste op hul belegging (maatskappy het 40% in 2023 uitbetaal vergeleke met 80% in 2022.) • Stel nie belang in toekomstige uitbreiding nie (maatskappy het 60% in 2023 behou vergeleke met 20% in 2022 / 40% meer (wat nie vir korttermynbeleggers aanvaarbaar is nie)
Langtermyn-aandeelhouders verduideliking ✓✓ vergelykende syfers ✓	Hulle sal tevrede wees: • Om 40% meer te behou is aanvaarbaar vir langtermynbeleggers vergeleke met 20% in 2022. • 60% van verdienste word behou vir toekomstige uitbreiding / Hulle kan in die toekoms beter opbrengste verwag as gevolg van groter behoud van winste.

6

3.5 Aandeelhouders is verdeeld oor die prys wat vir die terugkoop van aandele betaal is.

Verskaf EEN punt ter ondersteuning van, en EEN punt teen die prys wat vir die aandele betaal is. Haal EEN finansiële aanwyser met syfers vir elke punt aan.	
Ter ondersteuning van die prys wat betaal is Rede ✓ Aanwyser met syfer ✓	Vergelyk die terugkoopprys met die markwaarde Alhoewel 100c (R1) meer as die markprys betaal is, toon die markprys 'n opwaartse neiging vanaf 2022 / verhoog met 170c (R1,70).
Teen die prys betaal Rede ✓ Aanwyser met syfer ✓	Vergelyk die terugkoopprys met die markwaarde Die markprys moes betaal gewees het en nie die (R1) ekstra nie.

4

3.6 Die direkteure van die maatskappy het besluit om 'n bykomende 50 000 aandele in die nuwe finansiële jaar uit te reik.

Bereken die minimum aantal aandele wat S. Lucas moet koop om 'n meerderheidsaandeehouer te word.	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$(650\,000 \times 50\%) + 1$ $325\,001 \checkmark\checkmark - 288\,000 \checkmark\checkmark$ OF $(650\,000 \times 51\%)$ $331\,500 - 288\,000$ twee punte twee punte	$37\,000 \checkmark$ een deel korrek OF $43\,500$ een metode punt
Noem TWEE punte waarom S. Lucas 'n meerderheidsaandeehouer wil word. Enige TWEE geldige punte $\checkmark\checkmark$ $\checkmark\checkmark$ deelpunte vir onvolledige / gedeeltelike / onduidelike antwoorde - Om strategiese besluite te beïnvloed - Om sakebedrywighede te beïnvloed - Sien potensiaal in die maatskappy en wil deel wees van die toekomstige groei.	

5

4

TOTALE PUNTE

35

VRAAG 4**4.1 Ouditverslae**

Watter tipe ouditverslag sal aandeelhouders ontmoedig om aandele in 'n maatskappy te koop.

Vrywaring van mening ✓

1

Verskaf TWEE redes waarom aandeelhouders nie sal belangstel om aandele in so 'n maatskappy te koop nie.

Enige TWEE geldige redes ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige / gedeeltelike / onduidelike antwoorde

- Dit gee 'n slegte beeld aan die maatskappy.
- Moontlikhede van korrupsie, beleggers wil nie hul geld verloor nie.
- Direkteure van hierdie maatskappy is nie betroubaar nie.
- Goeie etiek word nie oor maatskappyfinansies gehandhaaf nie

4

4.2 Verduidelik waarom 'n maatskappy se finansiële state deur onafhanklike ouditeure geoudit moet word. Verskaf TWEE punte.

Enige TWEE geldige en verskillende punte ✓✓ ✓✓

'n Verduideliking moet verwys na, of onafhanklike ouditeure impliseer, om volpunte te verdien deelpunte vir onvolledige / gedeeltelike / onduidelike antwoorde

- Help maatskappye om te voldoen aan regulasies en verslagdoeningsvereistes soos vereis deur die Maatskappywet / deur die wet.
- Gee 'n maatskappy geloofwaardigheid aangesien dit die potensiële beleggers in staat stel om die akkuraatheid van die resultate te vertrou.
- Maatskappybestuurders kan die resultate van die oudit gebruik om interne prosesse voortdurend te verbeter.
- Om aandeelhouders teen moontlike bedrog en onbehoorlikhede te beskerm.

4

4.3 Kommer oor die soort verhouding tussen 'n direkteur, Hoof Finansiële Beampte (HFB) en die onafhanklike ouditeur.

As 'n aandeelhouer, hoekom sou jy oor hierdie soort verhouding bekommerd wees? Verduidelik DRIE punte (een vir elke persoon betrokke).	
Enige DRIE geldige, maar verskillende punte (1 per persoon betrokke) deelpunte vir onvolledige / gedeeltelike / onduidelike antwoorde	
Direkteur ✓✓	• Word deur die aandeelhouders aangestel om die maatskappy te bestuur en nie om pret te hê met eksterne ouditeure nie. • Geen deursigtigheid, moontlike manipulasie van Maatskappywet. • Geldwassery, nepotisme en bedrog is moontlik. • Daar word verwag om die direksie te ontmoet, nie HFB en onafhanklike ouditeur nie.
Hoof Finansiële Beampte ✓✓	• Moontlikheid van wanbestuur van maatskappyfondse. • Dit kan die gladde finansiële bedryf van die maatskappy beïnvloed. • Moontlikhede van korrupsie. • Moontlike opwaarts aangepaste finansiële state. • Versoekings om maatskappyfondse te gebruik is moontlik.
Onafhanklike ouditeur ✓✓	• Manipulasie van onbevooroordeelde mening is moontlik. • Manipulasie van die maatskappywet. • Moontlikheid om auditlisensie vir enige verkeerde dade te verloor. • Veronderstel om aandeelhouders te ontmoet, nie die direkteur nie. • Openbare beeld van onafhanklike ouditeure word skade aangedoen.

6

TOTALE PUNTE

15

TOTAAL: 150